SKOLE
ondersteuningsentrum

Mediaverklaring

Mediaverklaring oor Afrikaanse letterkunde matriekvraestel

2018-11-14

Behalwe ’n paar foute en ’n moeilike onvoorbereide gedig, is matrieks tevrede met die Afrikaans Letterkunde vraestel wat Woensdag landswyd geskryf is.

“Daar was geen vreemde vrae of vangplekke nie. Die vraestel was op dieselfde standaard en het soms dieselfde gedigte bevat as vorige vraestelle,” sê Année van Staden, ’n matrikulant aan ’n hoërskool in Centurion. Danielle Bezuidenhout, nog ’n matriek aan dieselfde hoërskool, sê veral die poësie-afdeling se vrae was eenvoudig. “Net die ongesiene gedig, *Bepeinsing*, was nogal moeilik gewees. Die gedig het ook baie stapelvrae bevat, sodat jy klomp punte verloor as jy die gedig aanvanklik verkeerd interpreteer,” sê Bezuidenhout.

Marié Gräbe, taalspesialis verbonde aan die Skoleondersteuningsentrum (SOS) se Genootskap vir Regte Afrikaanse Taalonderwysers (GeRAT), sê vraestel twee was ’n “goed-afgeronde” vraestel en het beide kennis én insig getoets. Sy het wel etlike foute in die vraestel identifiseer. “Die woordtelling vir die opstelvraag oor die gedig *Besoekersboek*, verskil op die instruksieblad (tussen 250 en 300 woorde) en op die vraestel self (tussen 200 en 250 woorde). Omdat leerlinge gepenaliseer word tydens die nasien-proses indien hul opstelle die vereiste woordtelling oorskry, is van die kandidate se keuses beperk tot drie gedigte, eerder as vier.”

Sy wys ook daarop dat twee eenpunt-vrae in die poësie-afdeling presies dieselfde antwoord gehad het. “So iets kan tot twyfel oor die korrektheid van antwoorde lei,” sê Gräbe. “’n Vraag in die drama-afdeling verwys ook na ‘teks i’, terwyl die betrokke tekste slegs van K tot L gemerk is.”

012 612 0234
admin@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
www.skole.co.za